# HERFSDANKFEES 2016

Ons Herfsdankfees is om die draai! DV op 11 Maart vanaf 17:00 hou ons weer in en om die kerksaal lekker basaar! Die speletjies en vir die kinders begin om 16:00 en drinkgoed, pannekoek en die kindertafel se items sal dan al beskikbaar wees. Om 17:00 open die ander tafels en die Hap-en-Trap in die kerksaal. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES:** Driekie en Angelina Strydom 6912955
- **BESKUIT en BROOD:** Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS:** Selma de Klerk 0845500554
- **SOSATIES EN HOTDOGS:** Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING:** Annie van Zyl 6930440(H) of 6911010(W)
- **KINDERTAFEL:** Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- **PANNEKOEK:** Ina J. van Rensburg 6903151 of 0823979433
- **GROOT KOEKE/TERTE:** Elise Claassen 6912813
- **KERRIEVIS:** Willa Thomas 0826643968
- **DRINKGOED:** Susan Muir 6903423(H) of 6950154/5(W)
- **WIT OLIFANTE:** Dries Wheeler 6934504
- **DIE SPENS:** Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- **TUISGEMAAKTE LEKKERS:** Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **PASTEIE:** Tokkie Marx 6903509
- **VLEIS/MARKTAFEL:** André Kritzinger 6932462

__Die volgende word baie benodig:__

* Wildsvleis en hoender vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Polistreenbakkies en foelieborde
* 2L Roomysbakke
* Margarien(nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk
* Poedings vir die tafel
* Boeke (nie tydskrifte)





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 28 FEBRUARIE 2016

*"Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?" (Rom 8: 32)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Blommekomitee.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese 10:00 in die saal. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Graad 11 vergader 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** ***Vyfde Lydenssondag.*** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Robert ) en op Vleesbaai (ds J de Wet). Kinderkerk (ds André).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Bybelgenootskap.

**KATEGESE:** Soos vandag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die kerksaal.
Woensdag om 18:30 selgroep by Stinkhoutstr 13.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan 18 pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr, huis van Annie van Zyl.
Woensdag om 18:00 Gr 10 kategese te 17de Laan 18.
Donderdag om 09:00 Rietvlei en Vleesbaai Bybelstudie (Vleesbaai in kerksaal, Rietvlei soos gereël). Boekleesgroep om 19:00 te 17de Laan 18.

__Dinsdag:__ Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

__Woensdag:__ Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Danie).

__Vrydag:__ Om 06:00 bid die manne saam in die "gat" onder die saal se verhoog. Om 10:00 **Wêreldbiddag vir Vroue** in die kerkgebou. Tema: "Laat die kindertjies na My toe kom" - opgestel deur vroue van Kuba. Almal welkom.

## BELANGRIKE INFO

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Badisa was R3 943-45.

**OESMAAND KOSKAS:** MAART is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontant-bydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**ALPHA-KURSUS:** Dit is al deur meer as 13 miljoen mense wêreldwyd bygewoon. Dit is 'n evangelisasie en 'n dissipelskapkursus. Diegene wat kans sien om te help met die Alpha Kursus, of dit net wil bywoon kan vir Ds Robert kontak. Kan ook net sms na 0846841304. Stuur net weer jou naam as jy reeds aangedui het jy sal help.

**BOTSWANA UITREIK:** Ons het nog steeds ruimte vir drie of vier mense om op die Botswana uitreik te gaan. Ons vertrek die 25ste Junie, en sal binne twee weke terug wees. Gr 8-12's is baie welkom!

**VLEISTAFEL:** Die beeste word Woensdag geslag. Die verwerking van die vleis en wors is Maandag en Dinsdag (7-8 Maart). Ons benodig baie hande en skerp messe. Ons benodig ook kontant donasies vir die aankope.

**BID VIR SA:** Vandag is daar landswye gebed vir ons land. Mosselbaai-Suid, Moedergemeente, die Methodiste Kerk en die AGS bid vanmiddag om 17:00 tot 18:00 saam by Da Gamastraat 36. Probeer u beplanning so doen dat u kan inskakel.

**WELKOM ALLE JONGMENSE:** Sondae aande vanaf 6-8nm word KRUISPAD gehou. 'n Tydjie waar jonges bymekaar kan kom en koffie en hot chocolate gedrink kan word, terwyl pool gespeel word en ander lekker aktiwiteite. Behalwe al die bogenoemdie is KRUISPAD die plek waar jongmense saam kan praat oor God en gemaklik met mekaar kan kuier. Sien julle daar! (Graad 8-12)

**KINDERKERK-UITSTAPPIE:** Verskuif na 13 Maart. Ouers met kinders word aangemoedig om eers ons Feesdiens by te woon. Ons ontmoet mekaar dan 10:45 by Diazstrand se waterpark. Ons koop 'n kaartjie waarmee ons vanaf 11:00 tot 14:00 die warmswembad sovel as die glybane gebruik. Ons beplan ook om weer worsbroodjies te maak. Dis belangrik dat ons vooraf getalle moet hê vir die aankoop van toegangskaartjies en middagete. Gee asb u naam en getalle deur aan die kerkkantoor. Die gemeente dra die koste - ons wil op hierdie manier ons kinders en hul ouers bederf en dankie sê vir julle toewyding.

**WIT OLIFANTE:** Ons is dringend op soek na gebruikte items vir ons tafel by die basaar. Laai af by die kantoor of kontak vir Dries by 044-693 4504.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar — dit help almal om meer tuis te voel.

**BENODIG:** Ons jongmense kuier Sondagaande. Hulle kuier graag op die grond eerder as op harde kerkstoele, maar o wee, die grond kan darem hard raak. Ons soek enige sagte goed om op te sit. 'n Netjiese sponsmatras, kontinentale kussings, stoelkussings, 'n "poef", enige iets waarop hulle gemaklik kan kuier. Handig in by kerkkantoor.

*Kerkkantoor Ure:*

| | |
|---|---|
| *Maandag* | *11:00—12:30* |
| *Dinsdag—Vrydag* | *07:30—12:30* |

*Tel/Faks: 044-690 3552*

*Bankbesonderhede:*
*Dankoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 058 0031*
*Geloofsoffers:*
*Absa Mosselbaai, 207 016 7886*



# GEBEDSBULLETIN

## *Tema vir Maart: Leef die Bybel*

**Dank die Here hierdie week vir:**

* Die bedieninge in die gemeente, vir die beplande paasfees met blomme.
* Elkeen wat gewerk het en elkeen wat offers gebring het tydens die Rietvleibraai.
* Talle skole waar die Bybel nog gelees en nagevolg word.
* Toegewyde lidmate wat Hom in die huis, kerk, werk en sosiale lewe dien.

**Bid hierdie week vir:**

* Gelowiges om nie net die Bybel te lees en selfs te ken nie, maar daagliks daarvolgens te leef.
* Toewyding, selfondersoek en verootmoediging in Lydenstyd.
* Voorbereiding vir die Herfs-dankfees.
* Die redding van studente (wat nog nie 'n verhouding met Jesus het nie).
* Voorbereiding vir die Paasfees met blomme.
* Dissipline in skole en dat die onrus van tersiêre inrigtings nie op een of ander manier na hoërskole oorspoel nie.
* Plaaslike verkiesings later vanjaar.
* Ons land - rassespanning, ekonomie, droogte, onderwys.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

André Goetz Vleesbaai, Koos Alberts Da Gama str, Denise Laufs Nettie Thatcherstr, Hennie Bosman Santos Haven, Grieta van Rensburg, Heila du Toit Santos Haven, Hettie Kiewiet Blombosch 114, Annie Smith Blombosch, Duppie du Plessis 22ste Laan, Samp Pienaar McKinnerystr, Wim Human Ryk Tulbachstr, Eben Beukes Kameeldoringstr, Rika Stander JB Millerstr.

**STERFTES:** Skoonsuster van Poppie Meyer Blombosch, ma van Ronel Darlew 17de Laan, suster van Helen Jooste Gholflandgoed, Gideon Huysamen Fijnboschpark (eggenoot van Lallie).

**MUSIEKUITVOERING TEN BATE VAN DIE VERENIGING VIR PERSONE MET GESTREMDHEDE**

Die Mosselbaai tak bied op 12 Maart 2016 om 19:00 'n musikale uitvoering van hoogstaande gehalte aan in die Kerksaal van die NG Gemeente Mosselbaai (Kerkstraat) met die Carpe Musicam! Orkes van George, en die Mosselbaaise Siamo Musica koor. Kaartjies teen R100 is beskikbaar van die plaaslike Kerkkantoor. Slegs 'n beperkte aantal kaartjies is beskikbaar.